By Ladybird hou ons elke kwartaal 'n paar ekstra aktiwiteite. Die aktiwiteite sluit die volgende in:

- Instappies: Iemand kom kuier vir ons by die skool en hulle bied 'n lekker opvoedkundige tema-verwante les aan. Ons het al die brandweer by ons gehad, 'n groep wat vir ons slange wys, poppekaste, kulkunstenaars, en vele meer.
- Snoepie: Ons hou die laaste Vrydag oggend van elke maand lekker snoepie. Elke klas kry 'n beurt. Die ouers van die klas kan enigiets skenk - van geld, lekkers, speelgoed, tot gebakte goedere. Dit word dan by die snoepie verkoop aan die hele skool en ons gebruik die wins om opvoedkundige speelgoed te koop vir die klas.
- Skool fondsinsameling: Ons hou deur die jaar fondsinsamelings vir die skool - ons maak gebruik van 'n lekker borgvorm of loodjie trek om fondse in te samel vir verskeie verbeterings by die skool. Daar is altyd lekker pryse om te wen soos 'n hele maand se skoolgelde!
- Liefdadigheid fondsinsameling: Een keer 'n jaar hou ons 'n fondsinsameling vir liefdadigheid. Ons kies 'n liefdadigheid organisasie, en ons samel vir hulle items en kontant in. Ons hou die fondsinsameling vir 'n hele kwartaal om seker te maak ons samel genoeg goedere in om lekker baie items te skenk.
- Pret week: Ons kies 'n lekker kort week en doen elke dag 'n ander aktiwiteit soos pajama en fliek dag, kolwyntjie versier dag, of 'n lekker kreatiewe kuns dag.
- Foto dag: Een keer per jaar kry ons 'n fotograaf in om pragtige foto's van ons kinders te neem. Ouers ontvang dan kopiee van die fotos teen 'n fooi.
- Konsert: Ons hou elke jaar 'n fantastiese kleuter konsert! Elke konsert het 'n ander tema en ons doen ook ons gradeplegtigheid vir ons groot maatjies daar by. Dit is 'n baie opwindende dag vol pret, dans en musiek.
- Kersfees partytjie: Ons hou elke jaar 'n lekker kersfees partytjie waar Vader Kersfees vir ons kom kuier. Ons kry iets lekker om te eet en ons versier ons kersboom.
- Boek dag: Maatjies trek aan soos hulle gunsteling karakter uit 'n boek. Hierdeur leer hulle nog die benlangrikheid van lees en boeke.
- Erfenis dag: Ons is almal trots op ons erfenis, en ons gebruik die kans om dit vir almal te wys! Maatjies trek aan soos hulle erfenis en ons hou ook 'n lekker partytjie.

At Ladybird we present some extra activities throughout the year. These activities include the following:

- Walk-ins: Somebody comes to visit the kids at school and they present a fun, educational, theme-related lesson. We have had the Fireman group at school, a group that brings some snakes and reptiles, puppet shows, a magician, and much more.
- Tuck shop: On the last Friday of every month we have a fun tuck shop. Every class has a turn. The parents of that class can donate anything - from cash, sweets, toys, to baked goods. It is then sold at to the whole school and the profit is used to buy educational toys for the class.
- School fundraiser: Throughout the year we have fundraisers for the school - we use a sponsor form or a lottery draw to raise funds for various improvements to the school. There are always awesome prizes to be won like discount for a whole month's school fees!
- Charity fundraiser: Once a year we have a fundraiser for charity. We choose a charity organization and collect items and cash for them. We keep this fundraiser running for a whole term to ensure we have enough items to donate.
- Fun week: We choose a nice short week and do a fun activity every day, like movie and pajama day, cupcake decorating day, or a nice art day.
- Photo day: Once a year we get a photographer to come to school to take beautiful pictures of our kids. Parents then receive copies of these pictures at a fee.
- Concert: Every year we have a fantastic concert! Each concert has a different theme and we also include the graduation for our big kids. It is a super exciting day filled with fun, music and dance.
- Christmas party: Each year we have a super fun Christmas party where Father Christmas comes to visit. We get something yummy to eat and we decorate our Christmas tree.
- Book day: Kids dress up as their favourite book character. Through this we emphasise the importance of books and reading.
- Heritage day: We are all very proud of our heritage, and we use this chance to show it! Kids and staff dress up according to their heritage and we have a fun party.